

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aanstek van die kerse

Lied 284

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
waar haat is, laat ek daar u liefde bring.
Laat ek in pyn en smart vertroostend wees
en krag gee deur geloof in U, o Heer.

Refrein (slegs na strofes 1 en 2)

*O Heer, help my om altyd so te leef –
om ander hoër as myself te ag,
ja, om lief te hê – ander bo myself –
en ook eerder te gee as te verwag.*

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
en laat ek hoop gee waar daar twyfel is.
Ek wil u lig in duisternis laat skyn.
Laat ware vreugde altyd uit my straal.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
leer my om ook soos U te kan vergeef.
Maak my bereid om aan myself te sterf,
dat ander U al meer in my kan sien.

Woorddiens

Tema: My lewe

Skriflesing: Psalm 16

Broodjies vir die pad

Ons kort weer stemme wat by kwesbares staan

Reggie Nel

Ek wonder dikwels waarom ons geloofsgemeenskappe so stil is, hoekom hul leiers stilbly ten aanskoue van onreg, ongelykheid en dinge wat eenvoudig nie reg is nie.

Waarom is daar geen stem wat standpunt inneem nie – wat 'n stem word vir onskuldiges wat dikwels in vrees lewe en selfs gekriminaliseer word omdat hulle hul stem laat hoor? Waarom ons onwilligheid om by die kwesbares te staan?

'n Sprekende voorbeeld was toe gemeenskappe soos Bonteheuwel, Manenberg en Westbury onlangs eis dat die regering iets doen aan die veiligheidsituasie. Daar is niks radikaals aan dié beroep nie – dis 'n basiese behoefte waarop gemeenskappe geregtig is. Maar waarom die stilte van die kerke in die ekumeniese beweging?

'n Onlangse ervaring uit 'n ander oord het my iets van 'n antwoord gegee. Ek het toevallig in Carnarvon beland, saam

met 'n student vir sy proefpreek, en is diep getref deur die armoede en gebrek aan geleentheid vir jongmense in en om dié pragtige dorp. Terwyl ons die warmte gasvryheid van die gemeente beleef, vra ons vrae oor die werkloosheid, moedeloosheid, drankmisbruik en armoede om ons. In so 'n situasie is die versoeking groot om die mense self te blameer. Ons begin toe dieper vrae vra.

In gesprek met die leraarspaar kom ons agter daar is iets dieper aan die werk. Verskeie gemeenskapslede verwys na die verwoestende maatskaplike impak van 'n peperduur navorsingsinisiatief, wat aanvanklik honderde werkgeleentheid belowe het. Dit is met opgewondenheid aanvaar en groot buitelandse geld is belowe, maar toe word die arm plaaslike mense – die plaaswerkers – uitgestoot.

As die plaaseienaar (en politici!) groot geld aangebied word, wat maak dit saak of die plaaswerkers en hul gesinne hul werk en inkomste verloor? Of as die toekoms van hul kinders op die spel geplaas word – hulle is mos nie regtig 'n politieke faktor nie? Maar ons vra hoe is dit moontlik? Wat het geword van die politici, die regeringsparty, die kamerade en die vryheidsvegters? Wie sal opstaan en hul stem laat hoor vir die plaaswerkers?

Miskien lê die antwoord op die worsteling met geloofsleiers juis in die dinamika van Carnarvon. Daar is 'n patroon: Dit begin by 'n belofte van groot geld, groot ontwikkelinge in 'n konteks van ekonomiese kwesbaarheid, en die gemeenskap (geloofsleiers inkluis) kies om die politici te vertrou. Hulle sal na ons kyk; hulle moet verantwoordelik gehou word; hulle moet die stem vir die kwesbares wees. En dan die skok, ontugtering en tragiese gevolge – hulle het Gods water oor Gods akker laat loop.

As ons die geskiedenis van die antieke profete bestudeer, sien ons 'n ander storie. Ons sien ongemaklike, onkonvensionele optredes – baie keer teen die stroom op. Die keuse word gemaak om eers stil te word en te luister na 'n ander stem – nie van die mark of van politieke korrektheid nie – maar die stem vir wat reg is, vir die waarheid, selfs waar die magtiges nie saamstem nie. Ons het weer daardie stemme nodig.

** Prof. Nel is dekaan van die fakulteit teologie aan die Universiteit Stellenbosch.*

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/ons-kort-weer-stemme-wat-by-kwesbares-staan-20181113>

Renier van Rooyen sal steeds verskil in SA maak

Leslie van Rooi

Die onlangse dood van die sakeman en filantroop Renier van Rooyen laat 'n leemte in ons samelewing, maar sy naam sal nog lank voortleef, skryf Leslie van Rooi.

Van Rooyen het diep spore getrap en sal, deur die lewens van vele ander, steeds aanhou om 'n verskil in ons land te maak.

Ek het van Rooyen nooit persoonlik ontmoet nie, maar sy verhaal en goedgunstigheids het beslis 'n regstreekse impak op my.

Sy storie, as stigter van die eerste Pep Stores-winkel op Upington en sy rol in die bou van hierdie kettinggroep as een van die grootste kleinhandelaars op die vasteland, is welbekend.

Dit is ook bekend dat sy lewenstyl en dalk ook sy lewensverstaan van mede-kleinhandelaars en sakereuse van sy tyd verskil het.

Die aankondiging van sy dood in verlede week se koerante getuig juis hiervan.

Maar wat minder bekend is, is Van Rooyen se impak op die gemeenskap van Upington self, waar hy Pep Stores begin het.

Nie net het hy eng sosiale reëls en wette van die dag geïgnoreer nie, maar ook op 'n spesiale manier na die personeel en werkers op hierdie plattelandse dorp – soos later ook elders in Suid-Afrika – omgesien. Maar dit is dalk veral Van Rooyen se beurse wat 'n blywende impak gemaak het op die gemeenskap van Upington, waar ek grootgeword het.

Die wêreld kan 'n beter plek wees

Van Rooyen het van vroeg reeds kinders van veral werkers ondersteun om ná skool verder te studeer. Sy sterk gevoel dat opvoeding lewens verander en dat daar veral omgesien moet word na diegene wat finansiële ondersteuning benodig, het moontlikhede vir vele oopgesluit. Hierdie steun het duisende lewens verander – 'n impak wat eintlik nie gemeet kan word nie, juis omdat dit steeds voortduur.

Baie jare lank het dit beteken dat veral leerlinge van die Hoërskool Carlton-van Heerden op Upington finansiële deur middel van beurse ondersteun is.

Dit was by hierdie skool, gevestig in 'n historiese bruin, Afrikaanssprekende gemeenskap, waar die kinders van die meeste werkers van die Upington-winkel toe op skool was. Later sou die beursprogram uitgebrei word na ander skole, maar dit was steeds veral daarop gemik om bruin leerlinge die kans op verdere onderrig te bied.

Soos my ouers voor my, was ek ook bevoorreg om 'n beurs by Van Rooyen te kry.

In kommentaar op sosiale media van veral oud-leerlinge van die Hoërskool Carlton-van Heerden word iets van Van Rooyen se impak duidelik. Dit val my op dat, uit van die kommentare, dit blyk dat hy ook verskeie kere sy huis oopgestel het vir studente wat ten tyde van hul studies verblyf nodig gehad het.

En waar 'n ekstra sent of twee gekort het, het hy nie gehuiwer om verdienstelikes te help nie. Dit blyk ook dat die grootste terugbetaling van beursouers aan hom juis was dat hulle hul studies suksesvol voltooi het.

Van Rooyen se lewensverhaal getuig van nederigheid, hardwerkendheid en 'n geloof dat die wêreld 'n beter plek kan wees.

En om die wêreld beter te maak, moet jy 'n aktiewe rol speel om ander in staat te stel om dit ook te kan doen. So word jy dan 'n kenner oor dit wat kan gebeur eerder as om te kerm en te kla oor hoe sleg dinge is.

In Van Rooyen se nalatenskap lê daar vir elkeen van ons 'n verantwoordelikheid om meer te doen, verder te sien en terug te gee. Dit geld dalk veral die honderde van ons vir wie Van Rooyen finansiële ondersteun het.

* Dr. Van Rooi is senior direkteur: sosiale impak en transformasie aan die Universiteit Stellenbosch.

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/renier-van-rooyen-sal-steeds-verskil-in-sa-maak-20181115>

Brood vir die pad

Identiteit is nie net 'n naamwoord nie ...

Daar is die ou grappie van die Joodse man wat op 'n verlate eiland gestrand geraak en met verloop van tyd vir hom drie geboue opgerig het. Ná dekades word hy uiteindelik opgespoor, en diegene wat tot sy redding kom, vra hom nuuskierig uit oor sy drie geboue.

Waarop hy antwoord: “Die eerste gebou is die huis waarin ek woon. Die tweede gebou is die sinagoge waarna ek gaan. En die derde gebou is die sinagoge waarna ek nie gaan nie.”

In sy nuwe boek, *The Lies That Bind: Rethinking Identity*, verwys die filosoof Kwame Anthony

Appiah – tans verbonde aan New York-Universiteit – na dié storie om die punt te maak dat ons as mense geneig is om ons identiteit, ook ons godsdienstige identiteit, in teenstelling tot ander s'n te definieer. Ons is nie wie hulle is nie.

Appiah pleit nie vir die ontkenning van identiteit nie. As mense het ons 'n spesifieke agtergrond, taal, en storie wat ons maak wie ons is. Maar hy wys wel daarop dat daar skadelike beskouings aangaande identiteit is wat uitgedaag moet word.

Daar is 'n manier van dink en praat oor ons identiteit – soos wat dit byvoorbeeld gereeld in die gesprek oor godsdiens, ras, nasie, klas en kultuur na vore kom – wat in diens van polarisasie, uitsluiting en geweld staan.

Talle kultuurontleders wys hoe daar in ons dag 'n verharding in die denke oor identiteit te bespeur is. Daar is 'n groeiende vyandigheid tussen óns (wat as volledig goed beskou word) en die ánder (wat as volledige boos getipeer word).

In die proses gebruik ons maklik kwetsende etikette vir mekaar. En ongelukkig speel godsdiens dikwels 'n rol om hierdie logika te voed.

Soos die skrywer Jonathan Swift dit stel: “Ons het net genoeg godsdiens om mekaar te haat, maar te min om vir mekaar lief te wees.”

In só 'n klimaat is dit dalk goed om te onthou – soos wat Appiah ook uitwys – dat ons identiteit nie iets suiwer en staties is nie. Ons identiteit is nie 'n onveranderlike gegewe nie, maar 'n aktiwiteit; nie net 'n naamwoord nie, maar ook 'n werkwoord.

Ons is daarom nie bloot passiewe ontvangers van die verlede en tradisies wat ons identiteit stempel nie, maar skeppende deelnemers wat met openheid na die toekoms kan lewe.

Op 'n keer is aan die Joodse denker Franz Rosenzweig gevra of hy godsdienstig is. Sy antwoord was kort maar veelseggend: “Nog nie.”

Dit herinner dat die gesprek oor identiteit nie net gaan oor wie ons is nie, maar oor wie ons kan wórd. – RRV

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/identiteit-is-nie-net-n-naamwoord-nie-20181110>

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.

Ubi caritas, et amor

ubi caritas, Deus ibi est.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877